Rose

# OPSAAL!

GEORGE

VOETSLAANKLUB - BERG & DAL - HIKING CLUB

1/92

## REDAKSIONEEL

Sedert die ontstaan van die Berg-en-Dal Voetslaanklub sowat ses jaar gelede, het baie water onder die brûe deurgeloop waaroor ons stappers beweeg het en het baie stappers in poele geploeter.

Na 'n beskeie ontstaan het dit van krag tot krag gegroei sodat ons nou die stadium bereik het waar ons by die Suid-Afrikaanse Voetslaan Federasie aansoek kan doen om affiliasie.

Ons het ook ons eie wapen in gebruik geneem en soos dit uitbeeld reik ons na groot hoogtes! Ons berus ook in al die seer voete wat groot hoogtes meebring.

Die redaksie wil graag die bestuur van harte bedank vir hul ywer om ons klub op hoë vlak te laat funksioneer en vertrou dat hulle sal help om 'n blaadjie soos hierdie minstens een keer per jaar die lig te laat sien. Lede word aangemoedig om gedagtes en herinneringe aan te teken vir opname in toekomstige uitgawes. Loslit, lekkerlees humor en ander vertellinge sal verwelkom word.

Aan die departemente van Bosbou en Natuurbewaring ons opregte dank en waardering vir hulp, bystand en leiding deur lesings en inligting wat ons van hulle ontvang, en ons hoop dat dié mooi verhouding sal bly voortbestaan. Van ons kant maan ons gedurig teen onbesonne optrede deur stappers.

Krag en goeie gesondheid vir almal, ons hoop daar is nie te veel pyn nie as ons blaas-blaas op ons wandelpaaie vorder, waarheen dit ons ookal mag lei.

DIE REDAKSIE

## GEBOORTE VAN BERG-EN-DAL ......

Stap is die sport wat deur oud en jonk beoefen kan word en daarom wou ek en Annie by 'n klub aansluit.

Die eerste groep waarby ons aangesluit het, was dié van Pietie le Roux, maar aangesien hulle slegs een- of tweekeer per maand gestap het, het ons die destydse Outeniqua-voetslaanklub genader. Hulle wou egter nie verder as hulle stigterslede uitbrei nie, en Danie Visser, een van ons groepie, het voorgestel dat ons ons eie klub stig wat toe op 27 Junie 1986 gedoen is. Danie was dan gou ons eerste Voorsitter met die uwe Onder-Voorsitter, Sonja van Walbeeck sekretaresse, Jim Catto Tesourier en Elna Cloete en Louis du Toit verkose lede.

Ons eerste amptelike dagstap was op 9 Augustus 1986, vanaf Glentana na Groot Brakrivier, en vanaf 12 - 14 September 1986 het ons ons eerste uitslaapstap gedoen (Kleinplaat na Langberg op die Outeniqua Voetslaanpad). Die stappers was Iwan en Sonja, Annie en ek, en Danie Visser.

Sedertdien het ons klub voortdurend gegroei. Heelwat entoesiastiese lede moes ongelukkig wegval weens persoonlike verpligtinge en/of omstandighede. Na byna ses jaar (en 6 400 km sole slyt vir die Moutons) het ons ongeveer veertig aktiewe stappers plus hulle gesinne.

HENNIE MOUTON : VOORSITTER

## BERG-EN-DAL SE MOETS EN MOENIES

Berg-en-Dal Voetslaanklub is seker een van die hegste stapklubs in die land (watter ander klub kan aanspraak maak op so 'n lekker bynaam as: Hap-'n-Stap-'n-Drukkie-Klub!)

Welkom aan alle nuwe stappers. As stap 'n nuutjie vir jou is, moet ons in ons eerste koerantjie wys op 'n paar verpligtinge van elke lid en gas. Julle sal verbaas wees oor hoeveel sonde en ergernis party stappers die Boswese, Natuurbewaring, boere en die Bergklub van Sa oral besorg.

Hier volg 'n paar reëls wat elke lid <u>asseblief</u> moet navolg:

1. Elke stapper stap op eie risiko.

2. Die aangewese leier van 'n groep is sover moontlik verantwoordelik vir die veiligheid van stappers. Hy moet in alle opsigte gehoorsaam word. 'n Stapper mag slegs van die groep wegbreek met die toestemming van die leier. Daar moet ook 'n sterk, geduldige stapper aangewys word om na die stadiger stappers om te sien.

3. Alle stappers moet behoorlik gekleed wees vir die betrokke klim/stap. Die regte skoene (en sole) is uiters belangrik. Tennisskoene is vir tennisbane en nie vir ons Kaapse berge nie. Dit maak nie saak hoe die weer in die oggend lyk nie, 'n windwerende anorak of baadjie, 'n bottel water, pleister en rekverband behoort saamgedra te word. Die leier mag weier om stappers saam te neem wat ongeërg oor die saak is.

4. Die leier besluit al na gelang die moeilikheidsgraad van die stap waar en wanneer stilgehou word vir tee en/of middagete. Op lang en moeilike stappe moet stadiger stappers genoeg tyd gegun word om behoorlik te rus met ete. (Die genot van bergpieke is die uitsigte en nie hoe vinnig jy weer by die huis kan kom nie.)

5. Natuurbewaringsreëls moet nagekom word, o.a. geen vure, geen beskadiging of verwydering van plante en blomme. Seep, tandepasta en skoonmaakmiddels moet nie in riviere gebruik word nie. Sanitasie is vandag een van die grootste kopsere met die groot aantal stappers op ons wandelpaaie. Gebruik wit papier en begrawe alles. 'n Klein grafie behoort vir hierdie doel op langer stappe saamgedra te word. Onthou, klippe is nie voldoende bedekking nie, want bobbejane (en Jay Kruger) keer dit om agter skerpioene aan!

6. Vergeet alle sneessakdoekies by die huis - dra manssakdoeke saam! Onthou, papier neem 'n lang tyd om te ontbind en is een van ons grootste natuurbevuilers.

   Geen, en ons bedoel geen, ander afval (skille, eierdoppe, lekkerpapiere, hoenderbeentjies, blikkies ens. ens.) moet in die veld agtergelaat word nie, veral nie op paadjies en stilhouplekke nie. Dra plastieksakkies saam om vullis terug te dra. Kinders moet van jongs af in veld-etiket gedissiplineer word en by volwassenes moet dit tweede natuur wees.

7. Gebruik jou kop te <u>alle</u> tye en bly leef. Fraai gedagtes maak fraai ongelukke.

KITTY WILLIAMS





## OPSAAL - DINSDAGSTORIES

(Sonder om name te noem behoort die betrokkenes hulself te kan identifiseer!)

11 Februarie 1992 : Dit het by geleentheid gebeur dat die groep so uitrafel dat van die stappers nooit by die Waterval uitgekom het nie.

18 Februarie 1992: In mymering vervalle, wórd die geheimenisse van óf mens óf natuur in afsondering bepeins.

25 Februarie 1992: Geen bloekomboom kan sy waardigheid behou as die omhelsingsdrang die wandelaars oorweldig nie.

24 Maart 1992: As die gesondheid aan die voet van die berg staak, bly die kruin van die berg hopelik nog 'n uitdaging.

ALGEMEEN:

Die heterogeniteit van die groep gee ruim geleentheid om mekaar te leer ken op teologiese, geskiedkundige, letterkundige, sosiale en selfs politieke terrein. Per slot van rekening word 'n groot verskeidenheid lewenskwaliteite onder unieke omstandighede soms onwillekeurig geopenbaar.

As ons die draai maak by Uitkyktoring, en die stapritme kom geleidelik in swang, dan vat een, soms twee lede duiwel en die groep rafel uit tot so 'n mate dat die agterstes soms rygeleentheid moet soek om betyds by die eindpunt te kom.

TOM BOSHOFF

NASKRIF:

Dié ou voorperd kom 'n lewe lank saam met die natuur. Ek het al opgelet dat hy 'n goeie oog het vir vullens om saam te neem. Die klub is hom dankbaar daarvoor. Doe so voort, leer hulle vroeg reg. - Louis Aucamp

## STAPROSYNTJIES

Een van die groot lekkertes van stap is die samesyn. Dit bring dan ook 'n klomp Berg-en-Dal spreuke mee.

Seker die bekendste daarvan is: "Pasop, jou onderrok hang uit.!

Magdaleen Booysen het in hulle Suidwes-dae Sondagskool gegee vir 'n voorskoolse klassie. In die klassie was twee baie skerp, intelligente dogtertjies wat al reeds op so 'n vroeë ouderdom kwaai meegeding het. Op 'n dag is die onderwerp toe gebed en een van die dogtertjies spring op en vra of sy die Onse Vader kan opsê. Voordat juffrou nog kon iets sê, val sy weg - 'n perfekte Onse Vader. Toe sy klaar is kon jy sien sy wag net vir juffrou se prys. Nou sal juffrou moet sê hoe wonderlik en slim en oulik sy is. Maar voor juffrou nog iets kan sê, toe spring die ander slim snip op: "Juffrou, juffrou kyk haar onderrok hang uit".

---

'n Ander bekende een is natuurlik oom Hendrik se:
"O liewe tyd, hier begin die moeilikheid."

---

Die gemiddelde ouderdom van ons lede is seker iets om op trots te wees, maar dikwels ook 'n rede vir 'n glimlag. Soos Natalie wat saam met Susan Theron en Salomé die agterhoede gedek het toe ons "Parachute drop" in die Swartberge af is. Sy gaan staan toe ewe skielik stil en begin te lag. Sy sê: Weet julle wat dink ek nou? Ek dink, "Ou vrou, wat soek jy in die berge?!"

## EEN GESTOORDE NAGRUS


Tijdens ons tweede bestaandjaar September 1987, krieg ik de moed bÿ mekaar om saam te gaan op een staptoer van ses dagen. Ons groep bestond uit ses getrouwe leden. Na eerst drie dagen Graaff Reinett verkent te hebben, onse overnachting in een vakantie huisje was wonderlik, ging ons op pad om de drie daagse Bergkwagga-wandelpad aan te durf.

Oordag lekker gestap, maar wat van die nagrus? Besluit werd echtparen rechts en de twee alleendames in de linker slaapkamer. 'S avonds ons eetgoedjies van die volgende moren uitgestald en ons lag amper onder de kombers of daar was een geluidjie - liggie aan en mijn kamermaat zag een nagapie. Alles in die rugsak gepak - liggie uit en weer onder die kombers. Na een rukkie weer dié geluidjie. Liggie aan en weer de nagapie en dit het zich so baje herhaald tot daar geen krummel meer op de grond was. Wat een nagrus! Toch was ons weer perdfris voor de volgende dagstap.

LENI DE HAAN

BIER Ná WYN, VERDRIET EN PYN -
WYN Ná BIER IS PLESIER.

Duitse Spreekwoord



## S W A K O P M U N D........

Swakopmund lê onder 'n misbank. Glo altyd! Die sielkundiges sê dit dra by tot depressiwiteit by baie mense. Dis nou mense wat nie stappers is nie! Daar is nie baie stappers nie, want sover as die derde horison kon strek, is daar net woestyn.

Dit was so tot twee van George se stappers daar aangekom het en dit is nou so dat as iets probeer om een van hierdie stappers te "depres" dan "depres" die stappers terug!

Dit is seker waarom Lina en Natalie die mans se kroeg binnegevaar het en daar vir Mossie ontmoet het. Mossie is 'n liewe ou sonder kwaad of haat en sy daaglikse twee uur in die kroeg na werk hou die depressitiwiteit weg.

Dis toe dat Lina vra hoe hulle nou met daai "dice" speel - en na 'n beduiery, daag hulle haar om haar geld op haar kennis te waag. Aikona, sê Lina op goeie Afrikaans. Maar Mossie en die manne borg daar en dan Lina se deposito.

Soos 'n wafferse dominospeler klap die bakkie met die "dice" op die toonbank. Die spanning raak te veel vir Natalie. Ek het dit nie besef voor ek nie toevallig oor Lina se kop geloer het en gesien het hoe Natalie sulke stywe teue bier sluk nie. Regte Namibiese bier met Sam se gesig en al.

Glo my, soos Natalie daardie bier sluk, net so vinnig verdwyn die mis - en soos Lina wen, so word die glimlagte breër. Depressie en die mis het nie 'n kat se kans as Berg-en-Dal oorneem nie.

LOUIS AUCAMP

'N ANDERSTE VISSTORIE

Name is een van die belangrikste dinge van ons wêreld, hetsy vir mense, diere of plekke - soms vaal en oninteressant (soos wanneer stadsvaders hulle strate sommer nommer vernoem), maar dikwels kleurvol, soos in ons eie Montagupas. Wie se verbeelding begin nie loop wanneer jy byvoorbeeld by Grogdraai verbystap nie? Hét die werkers rum ontvang en wat was die geleentheid? Party mense sê dit hoort Grog se draai te wees.

Sommige name klink bra (sal ons sê) agterlik, daarom praat ek, wat gedurig wil swem, liewer van Jan Joubert se swemgat (in die Franschhoekpas) as van die gewone korter naam. Oral in ons ou passe is (water)gate wat na mense vernoem is en 'n mens wens jy kon meer van die mens agter die naam ken.

In die berge kry natuurlike blaaskansplekke dikwels kleurvolle name en dit leef voort in die mond van die klimmer lank nadat die oorspronklike naamgewer reeds mooier berge en dale bewandel.

So 'n plek is ons ontbythalte op die pad na Melvillepieke. Vir die wat nog nie die verhaal agter die naam gehoor het nie, hier volg dit:



'n Paar jaar gelede was Alan Molzen een van die groep wat Melvillepieke onder leiding van Di Turner aangedurf het (en ek sê durf, want toe was die aanloop tussen Viskop en Die Nek nog nie oopgekap nie), en die toe nog naamlose Viskopdraai was die natuurlike plekkie om 'n happie te eet. Alan het sy toebroodjies uitgehaal en met verbystering daarna gekyk: Viskoppe!! Hy het onderlangs geloer of die ander sien, en sy verrassingspakkie versigtig toegemaak. Liza Campbell wou egter weet wat fout was. Hy moes verduidelik: Die vorige aand het hulle 'n visbraaiery gehou en hy het die oorskiet, hoofsaaklik viskoppe met nog peuselstukkies aan, in foelie toegedraai en in die yskas gesit. Daarna het hy sy toebroodjies gemaak en in 'n soortgelyke foelieverpakking ook in die yskas geplaas...

Toe hy lank daarna vir my, Austen en Paula Kruger die pad na Melvillepieke gaan wys het, en ons weer op dieselfde plekkie vir 'n blaaskans stop, het hy ons hierdie storie op sy heerlike droë manier vertel. Net soos die vorige stapmaats het ons omgeval van die lag en so tussen die trane deur is Viskopdraai/Fish Head Stop gebore en gedoop.

En nou die hartseer deel: Kort daarna, op 17 Junie 1990, is Alan in sy slaap oorlede.

NS: Ons hoop om in oorleg met Eva Molzen 'n naambord by Viskopdraai op te rig. Ons soek nog voorstelle vir wind-, reën-, vandale- en brandwerende bordjies wat bekostigbaar sal wees, maar by die omgewing sal aanpas.

KITTY WILLIAMS

VIS EN GASTE RUIK BINNE DRIE DAE

Benjamin Franklin

Soos toe ons by die plaashuis by Sanddrif in die Sederberge aankom. Let wel, nadat ons die oggend 'n vinnige ontbytsstap van 6km in 1 uur vanaf die Sneeuberghut na Duiwelsgat gestap het en daarna terug verby die Maltesekruis af tot onder uit en besluit het om nie met die voertuie te ry nie, maar tot by Dwarsrivier te stap. Na die werklike dag se stap dus nog so 'n 6 km. Toe kom die plaasvrou by die deur uit en sien
Annie Mouton met haar kappie: "En die ou tannie, waar kom sy vandaan?" Ja, waar kom sulke rateltaai mense vandaan? Van George af natuurlik!

---oOo---

In een van die senior burger programme oor die radio het hulle oor ouer mense wat stap gepraat. Een vrou sê toe, ja daar is baie ou mense wat stap. Sy het eenkeer 'n groep van George in die Sederberge teëgekom. Hulle was so oud, hulle het kappies en handskoene aangehad! Dit was natuurlik ons Berg-en-Dallers van wie sy gepraat het.

DIE REDAKSIE VRA VERSKONING DAT DIE BYDRAERS SE NAME êRENS MAKEER GERAAK HET



SJAMPANJE-ONTBYT ONDER 'N WATERVAL -
DIE SEER VOETE KOM LATER

Vroeg-oggend staan ons gestewel en gehoed met rugsakke en wandelstokke gereed om te vertrek op ons eerste staptog van die nuwe jaar. Ons wil ons stapjaar op 'n feestelike noot begin - vandaar die sjampanje-ontbyt onder die waterval aan die einde van die Reusevisvangerroete naby Wildernis, seker een van die mooiste roetes in hierdie omgewing.

Die wandelpaadjie kronkel al langs die Touwrivier deur digte inheemse bosse, deur varingklowe, verby mosbegroeide boomstompe waarop veelkleurige swamme oranje, rooi en groen helder uitstaan. Deurentyd word ons begelei deur opgewekte voëlgesang en wat 'n opgewondenheid is dit nie as ons 'n paar Knysna-loeries met hulle groen kuiwe en bloedrooi vlerke sien nie! Die roete neem ons deur fynbos en aan ons voete groei fyn blommetjies wat moedig meeding om ook gesien te word tussen die welige, amper oordadige plantegroei.

Oor houtbruggies stap ons, selfs met 'n steil leertjie af, en uiteindelik hoor ons die gedreun van die waterval. Ons staan eers stil om die wonderskone gesig te waardeer: bruisende water wat afstort oor die rotse tot in 'n diep kuil en dan verder rustiger voortvloei op sy pad na die see. Die waaghalsiges onder ons klouter teen die rotse by die waterval op en bewonder vandaar die uitsig oor die rivier en die bosbegroeide oewer.

Die feesmaal begin en uit die rugsakke kom sjampanje, vrugtesappe, soutigheidjies en Salomé bak selfs spek en eiers op haar kampstofie. Lina se soutigheidjies laat die monde water en sy stuur dit gulhartig rond. Dis so vreedsaam en rustig hier onder die waterval dat ons sommer die hele dag hier sou wou bly, maar ons moet oppak en vertrek.

Met groot dankbaarheid in ons harte teenoor die Skepper wat alles so mooi gemaak het vir ons om te geniet, begin ons die terugtog. Hoe bevoorreg is ons nie om in so 'n mooi omgewing te mag woon en dat ons die liggaamskragte en gesondheid het om op hierdie wonderskone roete te wandel! Ons voel geïnspireerd en vol afwagting om al die wandelroetes wat in die nuwe jaar wag, aan te pak.

SUSAN THERON

## MEADESTRAAT-TRIO SE "NIGHT-ON-THE-TOWN

'n Paar Berg-en-Dal-lede, daarby saam Meadestraat se trio sorg vir aksie/reaksie?!

Een reënerige dag toe selfs geharde stappers soos oom Hendrik en Kie nie die weer wou trotseer nie, het niemand anders as die Meadestraat-trio die Kingfisher-cum-Fairy Knowne gestap, soms in gietende reën. Met Lina Aucamp by was dit natuurlik van hotel tot hotel!

Aangekom by die Karos Hotel was dit nie moeilik om eenparig te besluit om hitte van binne te soek nie. Saterdag-middag, na etenstyd en 'n goed opgewerkte eetlus (ons bedoel die reën en gure weer) besluit ons toe om te eet.

Wat 'n teleurstelling, want na 'n lááang wag kom drie verlepte omelette met warm gemaakte droë chips (crisps) daar aan. Gelukkig het ons genoeg wyn bestel om die teleurstelling te verdrink! Ons kla en mor en is glad nie gelukkig nie.

Gelukkig is die slegte nasmaak met komplimentêre kaartjies vir 'n volwaardige buffet-aandete weggeneem. En toe kry die Meadestraat-trio weer 'n kans tot "a night on the town!" Waar was julle! Die dame aan diens op die veelbesproke Saterdag moet ons toe weer bedien. En was sy suur! Sy het nooit teruggekom na haar eenmalige "Is u nóú tevrede?"

SALOMé VAN WYK

ONS WAS!!



## HENNIE BOOYSEN RAAK LIRIES OOR DIE SEDERBERGE

Die Sederberge bly vir my mooi en onmiskenbaar groots. Hulle reuse kranse troon omhoog tot waar wit wolke krul en lammervangers stadig met wyd gestrekte vlerke op 'n lugstroom soos klein swart stippels al in die rondte tol. Die seders teen die hange kleef aan kranse vas waar hul in hul skadukolle langs weerkaatsings van die son op windverweerde kranse vir lewe en dood vasklou. 'n Ware tafereel soos slegs moeder natuur dit kan skilder vir die mens se oog om te waardeer en te geniet.

En by Algeria verby in 'n boom-omsoomde poort, vloei 'n waterstroompie oor spoelklippe nadat dit met 'n jubelsang weerkaatsend oor die keerwal stort om die Rondegatrivier te word en later die Jan Dissels. Bokant die bruggie is 'n dam waarin menige stapper lafenis kom soek na dae se swoeg al oor die ruwe berg se droë rug. Reuse bloekombome waak suisend deur die nag oor moeë wesens wat naby hul stamme rus.

'n Voetwenk vir stappers ...........

Volgens 'n Kaliforniese professor in voetheelkunde gee katoensokkies tweekeer soveel, en vierkeer so groot, blase as akriliese sokkies. Wanneer katoen nat word, word die vesels saamgepers en verloor dit sy kussingvermoë, wat tot wrywing tussen voet en sokkie lei. Sintetiese stowwe soos Orlon en Nylon daarenteen trek vog weg van die vel. 'n Mengsel van Nylon en katoen is glo die ware blaasverwekker! Dus, glo dit of te nie, daardie dik Orlon sokkies is beter, soos bewys deur 60 langafstand hardlopers oor 800 x 50 minute lopies.

---

Die beste kussing onder voet bly egter glo 'n dik laag vet, soos onder 'n babavoetjie!

---

Die ou manne sê: "Gaan slaap. Sorg dat al die nuwe goeters in wol ingeweef word."

---


Onnosel stapwenke ....

Neem jou eie rosyntjies saam. Dis swaar vir twee mense om aan een rosyntjie te kou.

Neem plaaslike geografiese verskynsels in ag. As jy op George wes van die spoor begin en oos daarvan eindig, dan het jy die spoor gekruis al sê Annie en Lina ook wat!

Sorg altyd dat Leni 'n kans kry om "dan kan tog niet!" te sê.

LET WEL: MENSE WAT WENKE GEE, BLY ANONIEM TEN EINDE HULLE TEEN EISE TE BESKERM.



**OPVOEDKUNDIG**

| | |
|---|---|
| The golden age | before the war |
| The iron age | 1945 - 1975 |
| Die nylon age | 1975 - 1985 |
| Die lycra age | 1985 - ? |
| A sound climber | an old climber |
| A cautious climber | a very slow climber |
| A novice climber | someone to be kept off mountains |
| Solo climber | climber falling alone |
| Experienced climber | dead climber (he has tried it all!) |
| Exposed climb | no privacy |
| Free climbing | no privacy |
| Leader | man on the horizon |
| Tail end Charlie | Garbage collector (what do you mean?) |

From: "One Man's Mountains by T Patey

# THE TEN COMMANDMENTS FOR HUMAN RELATIONS

1. Speak to people - There is nothing as nice as a cheery word of greeting.

2. Smile to people - It takes 72 muscles to frown, only 13 to smile.

3. Call people by name - The sweetest music to anyone's ears is the sound of his own name.

4. Be friendly and helpful - If you would have friends, give friendship first.

5. Be cordial - Speak and act as if everything you do is a genuine pleasure.

6. Be genuinely interested in people - You can like it if you try.

7. Be generous with praise - cautious with criticism.

8. Be considerate of the feelings of others - It will be appreciated.

9. Be thoughtful of the opinions of others - There are 3 sides to any story. Yours, the other fellow's, and the right one.

10. Be alert to give service - What counts most in life is what we do for others.

## 'n Laaste Gedagte

Wie is my naaste? (Luk. 10:29). Laat ons mekaar se naaste wees, 'n opregte Samaritaan. Die Priester en Leviet was nie 'n naaste nie. 'n Naaste kan en sal vir mekaar iets doen. Laat ons dus mekaar se naastes wees en mekaar se laste help dra.

HENNIE BOOYSEN

## Nog 'n laaste

As jy teenaan iemand staan en julle kyk mekaar in die oë, is julle naastes. As julle jul rug op mekaar draai, moet jy met skeel oë rondom die wêreld kyk om mekaar te sien. Al kry jy dit reg, bly die beeld gebrekkig.

VAN IEMAND WAT MAAR KONFUUS IS.